ROR-0004-0003-003

**KUNSBLAD**

# KUNS-WERKE VAN RORKES-DRIF

H/S 15.7.70




More-aand om 8.15 word 'n tentoonstelling wat vir die liefhebbers van kuns en toegepaste kunste 'n ware genot behoort te wees, geopen deur prof. Walter Battiss in die Pretoriase Kunsmuseum. Die tentoongestelde werke is afkomstig uit die werkplase van die E.L.K. Sendingstasie by Rorkesdrif, Natal, en bestaan uit wandtapyte, matte, grafiese kuns, beeldhou- en pottebakkerswerk.

Die Sentrum, wat in 1962 gestig is, is gelei deur Sweedse kunstenaars wat elk op hul eie gebied meesters was. Ek gebruik die woord „lei" met opset, want die werk bewys duidelik dat daar nêrens gepoog is om Westerse standaarde of reëls op die Bantoekunstenaars af te dwing nie, terwyl daar wel leiding gegee is in die korrekte gebruik van materiale, kleurstowwe, die toepas van ontwerpe en die ontwikkeling van tegniese vaardigheid.

So gaan tegniek gepaard met inheemse tipiese Bantoe-ontwerp, en kry 'n mens dus nie die soort kunstigheid wat ons snuisterywinkels en lughawens en in toeristesentrums ontsier nie.

Die werk wat op Rorkesdrif gedoen is, is reeds in die buiteland bekend omdat die eerste tentoonstellings van die Sentrum gehou is in Stockholm, ... hang byvoorbeeld in die Raadsaal van die Koninklike Raad in Londen, en waar veral die weef van sulke muurbehangsels 'n hoë mate van tegniese vaardigheid sowel as artistieke aanvoeling vereis, is dit juis hierdie kunsstukke wat op die tentoonstelling die middelpunt van belangstelling gaan wees.

Die wol word deur die Bantoespinners self voorberei, gekam, gespin en gekleur.

Die feit dat die Sweedse leiers self uit 'n land kom waar die weeftegniek besonder hoogstaande en gevestig is in 'n boeretradisie, maak dit makliker vir die ongesofistikeerde Bantoekunstenaars om stewige kontak met hierdie volkskuns uit Swede te verkry.

Wat hierdie muurbehangsels nog meer uniek maak, is die feit dat daar na elke ontwerp ... beurtenisse uit die alledaagse lewe, voorvalle uit die Bybel en folklore uit, en ondanks die ryk verbeeldingskrag, die lewendige kleure en die veelvuldigheid van die motiewe vertoon die behangsels 'n sterk gebonde eenheid en gebalanseerde komposisie.

Onder leiding van kunstenaars soos Ulla en Peder Gowenius, (tekstielontwerpers), Otto Lundbohm (beeldhouer), en Ola Granath (grafiese kunstenaar) het die Rorkesdrif Sentrum 'n middelpunt geword wat op Suid-Afrika en op die buiteland indruk maak sowel as invloed uitoefen.

Die tentoonstelling kan besigtig word in die hoofgalerye van die Pretoriase Kunsmuseum en duur tot 8 Oktober 1970, hoewel die sluitingsdatum moontlik eers later kan wees.

Op die foto is Adam en Eva ...

---

Pta News 10/2/76

# US showing for Rorke's Drift art

**art in TOWN**

THE first group exhibition in America of works by black South African graphic artists will be presented in New York at the Brooklyn museum and Public Library from March 25 to May 16.

On view will be about 90 etchings and linocuts by 10 young Africans who have studied at the Rorke's Drift art school in Natal on the border of Zululand. A number of tapestries by weavers trained at the school will also be shown.

The Rorke's Drift School was started early in the 1960's to offer fine arts education to blacks.

The works concentrate on three themes: Village life, contemporary urban life and Biblical stories. Many of the graphics present strong statements on the status of blacks, collectively and as individuals, in South Africa today. — PETER ANDERSON.